Maandag **18 Maart**

**Skrifgedeelte: Filemon (AFR 2020)**

**Fokusgedeelte: vers 6**

**In Christus alleen is daar versoening!**

Onesimus, wie se naam "nuttig" beteken, was niks minder as "nutteloos" vir Filemon toe hy hom 'n onreg aan gedoen het en na Rome weggehardloop het nie. God se genade het egter hierdie man wat in aanraking gekom het met Paulus, en wat hom na die Here gelei het, agtervolg.

Paulus noem Onesimus sy kind, nou 'n getransformeerde man. Paulus se beroep op Filemon om sy oortredings te vergewe en hom dade van goedhartigheid te wys, is gebaseer op wat ons fokusvers sê. Watter "goeie dinge" kom uit die geloof wat Paulus, Onesimus, Filemon en elkeen van ons as gelowiges in Christus ervaar?

Eerstens sy barmhartigheid – "Maar God, ryk in barmhartigheid, het ons, alhoewel ons dood was as gevolg van die oortredings, op grond van sy groot liefde ... saam met Christus lewend gemaak (Ef. 2:4-5). Hy het aan ons sy genade bewys deur sy Seun Jesus Christus! Hoeveel te meer het ons nie nodig om barmhartigheid te betoon aan diegene teen wie ons 'n onreg aangedoen het nie!

Tweedens sy vergifnis – "In Hom het ons ... die vergewing van ons oortredings uit die rykdom van sy genade ..." (Ef. 1:7). Toe daar geen manier was om van die skuld van ons sonde ontslae te raak nie, het Jesus in ons plek in getree en al ons sonde op Hom geneem! Is dit dan te moeilik om 'n foutiewe broer/suster te vergewe?

Derdens sy liefde – Wat was die omvang van God se liefde vir ons? God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het sodat ons nie verlore sal gaan nie (Joh. 3:16). Ons word ook geroep om sulke liefde te demonstreer wat gee.

Filemon is opgeroep om Onesimus te vergewe en te aanvaar weens die barmhartigheid, vergifnis en liefde wat hy van die Here ontvang het! Mag ek en jy ook in hierdie gesindheid lewe.

*Sing: Psalm 8-1:1-3*

*Ds. JPL (Vickus) van Jaarsveld (Krugersdorp-Wes/Magaliesburg)*